



## MEGANIESE OES VAN WYNDRUIWE

### 8. INVLOED VAN MEGANIESE OES OP DIE UITBOT EN VRUGBAARHEID VAN WINGERD

Daar bestaan baie vrae by produsente oor watter effek meganiese oes op die volhoubaarheid van die wingerdstok het.

#### 8.1 Uitbot van wingerd ogies

Uitbot is 'n funksie van klimaatstoestand voor bot, die reserwe-opbou van die wingerdstok in die voorafgaande groeiseisoen en die fisiese eienskappe van die loot waarop die oog geleë is. Indien die kouebehoefte voldoende bevredig is, stimuleer warm toestande in die vroeë lente die ogies om uit te bot. Veral in die Kusstreek waar die winters hoër minimum temperature het a.g.v. die matigende invloed van die oseaan, kom vertraagde bot die meeste voor. Wingerde in die binneland wat aan 'n meer kontinentale klimaat (groot verskille tussen dag- en nagtemperature) blootgestel is, is minder onderhewig daaraan.

#### 8.2 Klimaatstoestand

Wat word beskou as genoegsame koue om die kouebehoefte van die stok te bevredig? Hierdie aspek is nog nie wetenskaplik in Suid-Afrika nagevors nie. Ons kennis hiervan is gebaseer op waarnemings oor 'n aantal jare en die interpretasie van geskiedkundige klimaatsdata. Die laaste week van Mei en die eerste week in Junie blyk die kritiese periode te wees. Hierdie kritieke vensterperiode kan volgens die gegewe jaar se klimaatomstandighede na vroeër of later skuif. Die norme wat in die laat 1980's opgestel is en wat tans nog gebruik word, is dat die gemiddelde (bereken vanaf gemiddelde daaglikse temperature) weeklikse temperature 15°C en laer moet wees met minimum daaglikse temperature van minstens 9.9°C vir aaneenlopende periodes van drie dae en langer.

#### 8.3 Reserwes

Om ordentlik uit te bot moet die wingerdstok voldoende groeikrag in verhouding met oeslading in die voorafgaande seisoen gehad het, sodat genoegsame reserwes opgebou kon word. Reserwes word hoofsaaklik in die na-oes periode opgebou. Benewens bemesting en besproeiing, moet die blare ook gesond wees om fotosinteties aktief te wees. Blare van 'n wingerdstok se fotosintetiese aktiwiteit begin 30 dae na die blaar volwassenheid bereik het en neem af tot en met 90 dae ouderdom. In oorgeil lowers met baie skaduwee, kan hierdie leeftyd egter verkort. Teen die einde van rypwording is die onderste drie tot vier blare op 'n loot nie meer produseerders nie en dra hulle prakties niks tot trosvoeding by nie. Soos die blare se fotosintetiese aktiwiteit begin afneem kan hulle wel nog op so 'n laat stadium in die seisoen tot die opbou van reserwes bydra wanneer die oes af is. Voeding vir reserwe-neerlegging is dus hoofsaaklik van die jonger blare in die lower (blare hoër op die primêre lote sowel as sylootblare) afkomstig.

Blare in die trossone wat deur die skud-aksie van meganiese oesmasjiene verwyder word is nie kritiek nie, aangesien hulle nie meer op daardie stadium van die seisoen 'n groot bydrae tot die opbou van reserwes maak nie. Daar moet egter gewaak word teen abnormale verwydering van blare op die middelste en boonste gedeeltes van wingerdlote. Die jong groei op die punte van lote en sylote moet gesond wees en daar moet gewaak word teen laat infeksies van witroes en donsskimmel na pars. Die mate waartoe die onderste gedeelte van die lote tydens parstyd reeds besig is om te verhout, is 'n goeie aanduiding van voldoende reserwe opbou.

In die na-oes periode is daar 'n tweede piek van wortelgroei. Hierdie piek en die opbou van reserwes vind gedurende dieselfde tyd plaas en daarom is goeie na-oes besproeiing en bemesting noodsaaklik. By droëland wingerde is opbou van reserwes afhanklik van genoegsame reën na oes. Dit is belangrik om volgens Nietvoorbij se norme van die verwydering van N, P en K per ton druiwe, die na-oes bemesting so gou as moontlik na pars toe te dien sodat dit deur die wortels wat groei benut kan word vir die opbou van reserwes. Hierdie toediening moet verkieslik binne een maand na oes geskied.

Geilgroeiende lote sorg vir hulself en dra nie by tot die opbou van reserwes nie. Kyk byvoorbeeld na wingerdlote wat teen die ankers van telefoon en kragdrade uitgroei of horisontaal in die lower groei – hulle raak etlike meters lank en hou net aan met groei.

#### **8.4 Fisiese eienskap van die loot**

Ogies op dikker lote bot moeiliker uit as dié op lote van potlooddikte. Waak dus teen oorgeil groeitoestande – dit is ook nie voordelig vir gehalte nie. Ogies wat tydens die skud-aksie van die oesmasjiene beskadig word, sal ook nie behoorlik of dalk glad nie uitbot nie.

#### **8.5 Vrugbaarheid**

Vrugbaarheid van 'n wingerdogie word tydens November en Desember bepaal, ongeveer 15-18 maande voor oes. Temperatuur, lig en sitokiniene speel hier die grootste rol, maar waterspanning kan ook 'n rol speel. Die hoeveelheid lig in die lower word deur die digtheid van die lower bepaal.

Tensy daar abnormale hoeveelheid beskadiging van ogies tydens die meganiese oesproses plaasvind, behoort meganiese oes (die proses self) min of geen effek op vrugbaarheid te hê nie.